| 22 November | NG Gemeente Kogelberg | 2024 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 24 NOVEMBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| *Hangklipkerk* | *Kuierkerk* | *Kleinmondkerk* |
| Ds. Leopold van Huyssteen | Ds. Jannie Hougaard | Ds. Heinrich Carstens |

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA




## ONS EWIGE KONINGKRYK

## DANIëL 7



**Erediens** 24 November 2024
Hangklipkerk
Pillansiaweg 2
Leopold van Huyssteen

Kleinmondkerk se diens word op Kieskerk geplaas. Die skakel na Kieskerk:

https://kieskerk.com/ng-gemeente-kleinmond/

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

**DEUROFFERS**

Die deuroffers hierdie week is dit vir ons gemeente se **Gasvryheidsbediening.**

*<u>Neem asseblief kennis</u>:*
*Die Gemeente-braai wat geskeduleer was vir Vrydag 6 Desember, **is afgestel**.*

# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Dinsdag 26 November** | **09:30** | Sb 1-4 Wyksbyeenkoms (Kuierruimte) |
| | **16:30** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| **Woensdag 27 November** | **10:00** | Kerkkantoor in Hangklip |
| | **11:00** | Rouberaad-afsluiting (Coffee @ the Well) |
| | **18:00** | Meditasiediens |
| **Donderdag 28 November** | **11:00** | Bb 1-4 Wyksbyeenkoms (Kuierruimte) |
| | **16:00** | Ba 1-3 Wyksbyeenkoms |




## Wykskuier en -afsluiting Wyke Bb1-4

DV Donderdag, 28 November 2024
om 11:00 in TYD (Kuierruimte) in Kleinmondkerk.
Kom kuier saam, geniet verversings en tee/koffie en deel in die pret van 'n plaaslike "noot-vir-noot"-weergawe.
Laat weet asb jou kerkraadslid/dienswerker as jy kan kom.



*Liewe Gemeente,*
*Van my kant af wil ek net vir almal dankie sê vir al hulle boodskappies, omgee en ondersteuning in die tyd wat ek met verlof was. Die operasie was 'n sukses, ons het die gewenste resultate gekry, maar die pad begin nou eers. So dit gaan goed met my, goed met die gesin, en ons kan net ons Hemelse Vader daarvoor bedank.*
*In Sy genadige teenwoordigheid loop ek die pad verder.*
*Groete, Ds Kirsten*

## *Voorbidding...*

*Hannie de Kock (KP1), Etta Eksteen (Sb1), Johan Coetzee, Piet Louw (Sa2), Mike Moller (HK2), Wessel Coetzee (Sa4), Christa Steenkamp (KP2), George Edwards (Sc4) en Maria Human (Sa3). Ons vertrou saam met Christa Fick (PM3) vir 'n geskikte skenker van 'n nier.*







## KERKKANTOOR*ure*

*Tydens Desember 2024 & Januarie 2025*

**17 - 31 Desember 2024**

| | |
|---|---|
| Maandae - Donderdae | **10:00 - 11:00** |
| Vrydae | **GESLUIT** |

**1 - 10 Januarie 2025** — **GESLUIT**

**13 Januarie 2025** — **HEROPEN**

# WEN!!! WEN!!! WEN!!!

**3 Karoo-lammers &**
**R1 000 Linne-geskenkbewys**

**LOOTJIE R50**



Beskikbaar by jou Dienswerker (Hangklip-streek/ Kleinmond) of by die Kerkkantoor.

Comfi Linen
Good days start at

***Sluitingsdatum is Vrydag 29 November***

# Bring-en-braai

## JAARAFSLUITING

**Ba 1 - 3**

**DONDERDAG**
28 NOVEMBER 2024

**16:00**

**17 DERTIENDE LAAN**
KLEINMOND

Elkeen bring sy eie eetgoed, bykosse, iets te drinke , borde en “spanners”. Kom geniet die middag saam met ons.

Bevestig met Koos de Wet - 072 148 0823



# Caritas

## KERSBOKS-BEDIENING

Ons wil graag hierdie jaar ’n paar lekker bederf-produkte in ons Kersbokse pak om gesinne gedurende die feestyd te seën.

Ons benodig nie-bederfbare produkte soos blikkies ingelegde vrugte, vla, koekies, of enige iets wat jy voel kan bydra tot die Kersboks. Plaas asseblief jou bydrae in die houers by enige van ons drie bedieningspunte teen Woensdag 4 Desember 2024.

Baie dankie by voorbaat vir jou ondersteuning!
Vir enige navrae kontak Belinda - 082 856 6772

2DE

# Kersdag

## *Ekstra bord kos op 26 Desember*

**Kom ons deel die vreugde van Kersfees met diegene wat nie dieselfde oorvloed as ons het nie. Ervaar die vreugde van gee deur eers die ekstra bord in te skep en dan wat oor is, self te geniet!**

- **Koop houers vir 'n bord kos en 'n bakkie nagereg teen R10 (vanaf 1 Desember beskikbaar by die Kerkkantoor/ Hangklipkerk).**
- **Skep op Kersdag die bord kos en nagereg in en kom lewer dit af op 26 Desember.**
- **Kleinmond - tussen 11:30 en 12:00.by die Gemeenskapsentrum in Proteadorp.**
- **Hangklip-streek - tussen 09:00 en 11:00 by die Lakeside Chapel afgee.**



# Eko-bediening-afsluiting

saam met KNBV

[Kleinmond Natuurbewaringsvereniging]



# Skoonmakers sluit af!

Op Donderdag, 14 November, het die skoonmaakgroep van die Eko-bediening hul laaste "amptelike" skoonmaak van die jaar gehou. Die rede hoekom dit hierdie maand gedurende die week was, is bepaal deur die omgewing. Fairy Glen is een van die besigste dagkampe gedurende die somer. Daarom hou die Eko-bediening jaarliks voor die vakansieseisoen 'n diep-skoonmaak in hierdie area. Omgeveer 30 vrywilligers het die volgende rommel verwyder: 10 geelsakke rommel (38.3kg) en 11 witsakke herwinbare items (43.4kg). Dit het weereens 'n verskil gemaak.
Die groep is bederf deur die Rooiels Outreach wat heerlike kondensmelkkoffie en beskuit verskaf het. Ons dank aan Wolfgang Steinbach en sy span.

Observations during the cleaning session:
• The garbage bins are emptied regularly. We thank the Overstrand Municipality-team for this.
• The plan to install larger wheelie bins on the site was a commendable attempt, but vandals destroyed it. Of the ± 10 that were placed there about a year or two ago (with steel frames to secure them), only one remains. A new plan will have to be thought of.
• We as a group were shocked by asbestos waste dumped in 2 places. It has already been reported to the relevant authority. It is clear that the current policy of delivering asbestos waste to the transfer station at cost is counter-productive. The Eco Ministry is taking this matter further.

Hou asb die Overstand Herald dop vir die skoonmaakdae van volgende jaar. Die eerste een val saam met Internasionale Vleilanddag op Saterdag, 1 Februarie 2025 by die hoofstrand/vleiland en begin om 08:30. Vir meer inligting oor die Eko-bediening se skoonmaakdae kontak Carlo Böhmer by 083 334 5675.


Foto: Joanne Momsen











# Hangklip-mannegroep reik uit met ontbyt

Die Hangklip Mannegroep het verlede Saterdag (16 November) ‘n spesiale uitreik-ontbyt aangebied om meer mense van sy bestaan bewus te maak en ook om met ‘n soortgelyke groep op Kleinmond te skakel.

Dit was al die tweede geleentheid vanjaar waarheen lede vriende en familie kon nooi om nader met mekaar kennis te maak, lekker saam te kuier en deur 'n persoonlike getuienis bemoedig en geïnspireer te word.

By dié geleentheid het die houtkunstenaar Ian Maritz as gasspreker opgetree. Sedrick Taljaard het die samesang gelei en die gehoor aangemoedig om met hul stemme die Een te loof en prys in wie se Naam almal byeen was, naamlik Jesus Christus, ons Here.

Hy het ook ‘n word van dank gerig tot:
- die Kogelberg-gemeente vir gebruik van die saal;
- die manne wat gehelp het met die gereedmaak van die saal en die opruim na afloop van verrigtinge;
- Sandra Taljaard vir die versiering van die tafels;
- JC Hanekom vir die hantering van die geldsake;
- Leopold van Huyssteen vir die aankope van die proviand; en
- Riana van Huyssteen en haar span vir die voorbereiding van die ontbyt.



# Agapé-vroue se Afsluitingsfunksie

## by On the Edge by Stoney Point in Bettysbaai









# Veels Geluk!

## 23 November

*Amanda Barnard 083 274 1529 (PM3)*

*Ellin Bekker 082 308 4094 (Sb1)*

*Johanna Brand (Sc4)*

*Annalize Breedt 082 443 1538 (BB3)*

*Francois Hugo 076 347 1810 (Bb 3)*

*Ronel Jackel 083 288 8761 (Sa2)*

*Jaro Strauss (PM5)*

*Mariëtte van der Watt 082 377 4696 (Sc1)*

## 24 November

*Louise Cloete 083 367 4986 (Sc1)*

*Amanda Fourie 082 453 8000 (Ba1)*

*Quarta Heuer 083 448 1287 (Sa4)*

*Petro Lindes 076 223 3303 (PM5)*

*Francois Schultz 0726926627 (PB1)*

*Velma Venter 072 516 5686 (BB6)*

## 25 November

*Eunita Bester 076 045 0250 (Sc3)*

*Nicolene Bredenkamp 083 270 7102 (Ba1)*

*Lena Lourens 083 996 6993 (Sc4)*

*Ghuem Swart 082 323 2290 (PB2a)*

# Verjaarsdae

## 26 November

*Cecile Coetzee 082 687 1163 (Ba1)*
*Danielle Els (PB2a)*
*Clare Hen-Boisen (BB4)*
*Chris Jansen van Rensburg 082 578 0500 (Sa1)*
*Wendy Maartens 071 346 1829 (KB2)*

## 27 November

*Dalene Badenhorst 072 788 4949 (Sb3)*
*George Edwards 083 293 5336 (Sc4)*

## 28 November

*Nols Burger 083 446 1049 (Sc2)*
*Charette Joubert 082 372 2506 (PB2b)*
*Anika Krige (KB4)*

## 29 November

*Rita Fourie 082 263 8296 (Ba2)*
*Fransél Hen-Boisen 084 076 6301 (BB4)*
*Lizette Joubert 079 107 8570 (Sa4)*
*Fredericka Rossouw 072 240 8098 (Sa1)*




**Mens tot mens**

1. Vertel - natuurlik sonder om name te noem - van iemand wat jy ken wat altyd met alles fout vind of kritiek lewer.
2. In die verhaal van die verlore seun, wat - dink jy - sou jou reaksie teenoor die volgende mense gewees het as jy in die skoene van die oudste seun gestaan het:
    a. Jou pa
    b. Jou broer

**Mens tot God**

1. Sing 'n dankie-sê lied of twee saam.
2. Bid dat die Here julle sal help om nou in die oomblik Sy vrede (en tevredenheid) te ervaar.

**God tot mens**

1. Kyk saam na die video 2024.11.24 - Van vergenoegdheid na tevredenheid op ons gemeente se YouTube-kanaal by [https://youtu.be/0Pa8v6iWUCs](https://youtu.be/0Pa8v6iWUCs)

2. Lees nou Lukas 12:13-21 (2020-vertaling)

13 *Iemand uit die menigte sê toe vir Jesus: "Meneer, sê vir my broer hy moet die erfenis met my*
*deel."* 14 *Maar Hy antwoord hom: "Man, wie het My as regter of deler vir julle aangestel?"* 15 *Toe*
*sê Hy vir hulle: "Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe*
*is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie."* 16 *Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: "'n Ryk*
*man se grond het goed gedra.* 17 *Hy het toe by homself gedink: wat moet ek doen? Ek het nie plek*
*waar ek my oes kan opgaar nie.* 18 *Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en*
*groter bou. Daarin sal ek al my graan en ander goed opgaar.* 19 *Dan sal ek vir myself sê: 'Mens,*
*jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker.'* 20 *Maar*
*God het vir hom gesê: 'Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan*
*alles wat jy bymekaargemaak het?'* 21 *So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie*
*ryk is by God nie."*

3. Met watter bril kyk hierdie man na sy broer se erfenis?

4. Wat is die verband tussen gierigheid en onvergenoegdheid?

5. Geld (of dan die ekonomie) dryf vandag ons samelewing. Die opgaar van geld motiveer ons om te werk en vul die grootste deel van ons lewe. Wat sou die balans wees tussen gesonde ambisie en gierigheid?

6. Dink julle die man in die gelykenis het genoeg gehad om van te leef?

7. Hoe moet 'n mens voorsiening maak vir jou "oudag"?

8. Hou sou jy die *onvergenoegdheid* van die man in die gelykenis beskryf?

9. Dink jy dat mens regtig met 'n stuk *tevredenheid* geseën kan word? Of anders gestel: Is tevredenheid = *eet, drink en leef lekker* (v19)?

10. Hoe sou julle ware rykdom beskryf?

11. Gesels met mekaar oor Spreuke 30:7-9.
*7 Twee dinge vra ek van U – moet dit nie van my terughou voordat ek sterf nie: 8 Valsheid en leuentaal, hou dit ver van my. Moet my nie armoede of rykdom gee nie; breek my porsie brood vir my af, 9 sodat ek nie oorversadig raak en U misken en sê, "Wie is die Here?" nie, of verarm en steel, en die naam van my God geweld aandoen nie.*

12. Wat - dink julle - is die teenoorgestelde van onvergenoegdheid?

13. Gesels oor die volgende stelling:
*The rich should learn to live simple, so that the poor may simply live.*

**Mens tot medemens**

1. Gesels bietjie met mekaar oor die goed wat jy besit waarsonder jy eintlik maklik sou kon klaarkom. Daag mekaar uit om van hierdie goed weg te gee vir iemand wat dit kan gebruik.
2. Dink aan 3 dinge waarvoor jy nog nooit spesifiek vir die Here dankie gesê het nie. Gesels met mekaar oor die rede waarom jy dalk nog nooit daarvoor dankie gesê het nie.

**Mens tot God**

Bid saam en vra vir die Here om julle te help om gebalanseerd na julle geld en besittings te kyk, en dan ook met dankbaarheid te leef.

**Afsluiting**

Bely weer saam ons reeks se geloofsbelydenis:

*Omdat ons in Jesus glo... is ons anders... kyk ons anders... en leef ons anders*

**Die week**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week:

- Maandag 25 November - Tot dit alles is ek in staat - Filippense 4:4-13
- Dinsdag 26 November - Ek het alles wat ek nodig het - Filippense 4:14-20
- Woensdag 27 November - Wat ek ontvang het, is vir my mooi - Psalm 16:1-11
- Donderdag 28 November - In alle omstandighede dankbaar - 1 Tess 5:12-24
- Vrydag 29 November - Wat ek het, gee ek in diens van God - Lukas 9:10-17
- Saterdag 30 November - Tevredenheid - 1 Timoteus 6:6-10